


Weens groot aanvraag bied HelpJag, in samewerking met Kriek Wildlife Group, vir 'n derde opeenvolgende jaar 'n gholfdag in Kimberley aan.
Dié geleentheid het veral ten doel om fondse in te samel vir die volhoubaarheid van die HelpJag-projek.

HelpJag is 'n inisiatief wat poog om Solidariteit Helpende Hand (SHH) se Kosblikkie-projek aan te vul en te sorg dat proteïen in die vorm van wildsvleis deel is van die bord kos wat SHH daagliks aan ongeveer 8 000 kleuters voorsien.



Kriek Wildlife Group

EST '94

# <u>Opsie 1 – Hoofborg R30 000</u>

***<u>Hierdie borgskap sluit die volgende voordele in:</u>***

• Bemarkingsregte saam met HelpJag en Kriek Wildlife Group van die hoofingang tot by die klubhuis

• Die bemanning van 'n putjie van eie keuse (Die borg word versoek om self gazebo's en ander items virdie stalletjie saam te bring.)

• Dat die borg se handelsmerk saam met dié van HelpJag verskyn op die verwelkomingsakkies en gholfhemde wat die spelers ontvang

• Die vergunning om inligtingstukke oor die borg in die verwelkomingsakkies te plaas

• Om deurgaans tydens vooraf bemarking en tydens die gholfdag op HelpJag se Facebook-blad genoem te word

• Dat genoemde Facebook-plasings ook op Solidariteit Helpende Hand se sosialemediaplatforms

(Facebook, Instagram, Twitter en LinkedIn) gedeel word

• Dat Bakkies Botha, Adam Tas en Appel gevra word om die plasings op hul onderskeie platforms te deel

▪ Facebook-volgers van HelpJag: 6 200

▪ Instagram-volgers van HelpJag: 1 138

▪ Facebook-volgers van Helpende Hand: 100 000

▪ Twitter-volgers van Helpende Hand: 10 800

▪ Instagram-volgers van Helpende Hand: 3 493

• Dat Solidariteit, AfriForum, Wild & Jag en Kriek Wildlife Group die plasings op hulle

platforms deel

▪ Facebook-volgers van Solidariteit: 193 746

▪ Facebook-volgers van AfriForum: 347 144

Facebook-volgers van Wild & Jag / Game & Hunt: 38 000

▪ Facebook-volgers van Kriek Wildlife Group: 3 900

• Dat die borg se handelsmerk op die HelpJag-webblad en die program verskyn

• Lugtyd in die video wat op die dag gemaak word

• 'n Vierbal en twee gholfkarretjies

• Bywoning van die aandfunksie (maksimum vier persone)

: **Opsie 2 – Gholfpetborg: R15 000**

***Hierdie borgskap sluit die volgende voordele in:***

• Dat die borg se handelsmerk saam met dié van HelpJag verskyn op die gholfpet wat spelers ontvang

• Die vergunning om inligtingstukke oor die borg in die verwelkomingsakkies te plaas

• Dat die borg se handelsmerk op die HelpJag-webblad vertoon word

• Lugtyd in die video wat op die dag gemaak word

• ’n Vierbal en twee gholfkarretjies

• Die bemanning van ’n stalletjie by ’n putjie (Die borg word versoek om self gazebo’s en ander items vir diestalletjie saam te bring.)

**Opsie 3 – Borg van promosiegeskenke: R15 000**

***Hierdie borgskap sluit die volgende voordele in:***

• Dat die borg se handelsmerk sal saam met dié van HelpJag verskyn op die promosiegeskenke wat spelers ontvang

• Die vergunning om inligtingstukke oor die borg in die verwelkomingsakkies te plaas

• Dat die borg se handelsmerk op die HelpJag-webblad vertoon word

• Lugtyd in die video wat op die dag gemaak word

• ’n Vierbal en twee gholfkarretjies

• Die bemanning van ’n stalletjie by ’n putjie (Die borg word versoek om self gazebo’s en ander items vir die stalletjie saam te bring.)

## Opsie 4 – Halfweghuisborg: R10 000

***Hierdie borgskap sluit die volgende voordele in:***

• Bemarkingsregte in die area waar die ete bedien word
• Die vergunning om inligtingstukke oor die borg in die verwelkomingsakkies te plaas
• Dat die borg se handelsmerk op die HelpJag-webblad vertoon word

• Lugtyd in die video wat op die dag gemaak word

## Opsie 5 – Borg van pryse en items vir die veiling

***Hierdie borgskap sluit die volgende voordele in:***

• Die vergunning om inligtingstukke oor die borg in die verwelkomingsakkies te plaas
• Om deurgaans tydens vooraf bemarking en bemarking van spesifiek lootjies en items vir die veiling op HelpJag se Facebook-blad genoem te word
• Dat Bakkies Botha, Adam Tas, Appel, Wild & Jag en Kriek Wildlife Group gevra word om die plasings op hul onderskeie platforms te deel
• Dat die borg se handelsmerk op die HelpJag-webblad vertoon word



HELPJAG